

# Quo Vadis

Waar gaan u heen?

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 60**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# *Die Alleenloper*

*(Hylco Heidema.)*

*Dis lankal nou  
dat hy so swerwe  
altyd eenkant*

*Soms ja soms  
onder die wind  
gaan sy slap slurp  
skielik omhoog  
sierlik gebuig  
'n kwaai slang  
die flenter flappe  
plat langs die kop  
slaan nou groot bak-ore  
en waai soos ou palmblare  
die groot tande gaffel  
hy ruik die trop*

*As hy hoor  
hoe trompet die leier  
dan antwoord hy nie  
sy plomp pote  
trap al op die een plek  
en maak 'n kuil  
in die klam grond*

*Sy lewe is wrewel*

Wat is die lewenskwaliteit van 'n ou olifant — nul? Kan sy wrewel hom nie terugbring tot leierskap van die kudde nie — beslis nie! Ons weet dit almal. Die wrewel van die oudag bewerk niks nie.

Wat is die lewenskwaliteit van 'n ou mens — ook nul? Kyk op in die Bybel wat daar vertel word oor die **menslike** ouderdom. (Prediker 12:6-7).

"... die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruiк stukkend val en die kruiк by die fontein gebreek word en die wiel stukkend in die put **val** en die stof na die aarde terugkeer ..."

En wat dan verder?... "en die gees na God terugkeer wat dit gegee het."

By hierdie laaste sinsnede is iets anders aan die gang as by die vorige! Inderdaad; hierdie laaste sin behoort ook by die afbreek, maar dis presies andersom as die vorige.

In die eerste sinsnedes **val** alles — alles gaan ondertoe, maar by die laaste sinsnede gaan dit op en wat is daar bo?

... "en die gees **na God** teruggekeer wat dit gegee het". Dis tog iets heeltemal anders as wat gebeur met verstote ou bosreuse.

Die wrewel van die oudag is dus nie nodig by die mens nie — dis selfs nie van toepassing

nie. Vir die mens is daar 'n toekoms — 'n heerlike toekoms! Openb. 22, vers 17: "en laat hom wat hoor, sê: Kom, en laat hom wat dors het, kom en laat hom wat wil, die water **van die lewe** neem, verniet." Maar vir hulle wat hierdie aanbod verag, wag daar 'n verskriklike toekoms "en werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande." (Matt. 25, vers 30).

## **HOE STAAN DIT NOU?**

**Tydens die Tweede Wêreldoorlog het 'n Engelse predikant geskrywe:**

- ❖ **Ons was 'n plesierliewende volk en ons het die dag van die Here ontheilig — nou is die strande gesluit en daar's 'n tekort aan petrol.**
- ❖ **Ons het die gelui van kerkklokke geïgnoreer — nou mag hulle alleen as alarmklokke gelui word tydens 'n inval.**
- ❖ **Die kerke self is deur ons half-leeg gelaat — nou is hul puinhope.**
- ❖ **Die geld wat ons nie aan die kerk wou gee nie, word nou van ons in die vorm van belasting gevorder.**
- ❖ **Die diens wat ons vir die Here nie wou lewer nie, word nou deur die owerheid as verpligting van ons geëis.**
- ❖ **Die voedsel waarvoor ons vergeet het om te dank, is nie meer te koop nie.**
- ❖ **Die nagte wat ons nie in gebed wou deurbring nie, bring ons nou in angs en bewing in die skuilkelders deur.**

# NIKS SAL ONS SKEI...

'n Klein verhaaltjie van die liefdesleed van 'n jong meisie wie se verlowing gebreek is en die groot verrassing wat vir haar gewag het.

Haar oë was rustig en soms vol skaduwee. Haar stem was toonloos, soos die stem van iemand wat sy hart leeg getreur het en nou sonder trane van sy droefheid kan vertel. Later het sy selfs met 'n stem vol innigheid gepraat.

## Die verhaal

Dis nou ses maande dat haar verlowing verbreek is. Sy het meermale van verbreekte verlowings gehoor. Nooit geweet dat dit só is nie. Eers het sy gedink sy gaan kranksinnig word. Die skok, die vernedering... die teleurstelling en na die ergste verdriet, die leegheid wat voor haar uitgestrek het.... altyd.... eindeloos. Slapelose nagte... slaappille... kalmeermiddels en vitamieë om haar gestel sterk te maak.

Kan 'n mens aan 'n gebroke hart sterf? Sy het eenmaal 'n verhaal van Felix Timmermans gelees waarin die heldin, Leontientjie, die verlowing verbreek het, omdat haar verloofde 'n ongelowige was. Sy het gekwyn totdat sy dood is. By haar sterfbed was die jongman teenwoordig en toe, toe dit te laat was... het hy tot bekering gekom.

Nou sit sy in 'n soortgelyke posisie. Haar verloofde is 'n diep godsdienstige jongman, syself het in 'n "moderne" huis grootgeword waar daar nie oor godsdiens gepraat is nie. Bybellees en kerk toe gaan en bid — sy glimlag wrang. Sy het probeer om hom te verstaan, maar sy kon tog nie 'n huigelaar wees en maak of sy glo nie. Die end van die storie was dat hy die verlowing verbreek het.

## Alles in duie

Sy het opgehou lewe. Sy het net bestaan. Soos 'n slaapwandelaar deur die dae gegaan. Die geneesheer het 'n vakansie aanbeveel. Die dae by die strand was egter net so leeg. Snags het sy by die hotelvenster gesit en uitkyk totdat die môrester bokant die see opkom.

Sy het al hoe meer besef dat sy uit die stad moet kom... verandering van betrekking... na 'n nuwe, kleindorpse omgewing. 'n Kantoorpos in 'n mooi klein dorpie aan die voet van 'n berg moes die oplossing wees. Hier was sy 'n volslae vreemdeling.

Dis hier dat die kamer een aand vir haar te nou geword het. Sy het die dorp ingestap. Êrens in 'n donker straatjie het sy mense hoor sing. Die lig het vrolik deur die klein, spits venstertjies van die outydse kerkgeboutjie gestraal. Sy het gaan staan en luister... orreltjie... Kersliedere. Meteens het sy besef dat dit Desember is... Kerstyd. Die sanggroepie was besig om vir 'n kersprogram te oefen. Daar was iets mooi, intiem, warm in die toneeltjie. Toe sy na 'n paar minute verder stap, besef sy dat sy vir 'n oomblik haarself en haar verdriet vergeet het.

## Soek en jy sal vind

Terug in haar kamer het sy iets gesoek om te lees. In die boekrakkie was niks wat sy nog nie gelees het nie. Toe het sy 'n Bybel onder uit 'n laai gehaal. Dit was nog 'n verjaarsdaggeskenk wat hy haar gegee het. Sy het daarin geblaai tot by die verhaal van Jesus se geboorte. Dié geskiedenis het sy meermale op skool gehoor, maar meteens het dit vir haar nuwe betekenis gekry. Sy het aangehou met lees. Toe sy lank na middernag haar lampie dooddraai, het sy die hele Evangelie van Lukas deurgelees.

Dié nag was dit die ou storie... slapeloos, maar dit was tog anders as ander nagte. Die geskiedenis wat sy gelees het, het in haar gedagtes rondgedraai. Veral die lydensverhaal...

Getsmane... Golgota... dat Hy die smart van die kruis so stil kon dra Gewoonlik is sy iemand wat terughuiwer vir bloed, beserings en dood. Die nag kon sy vir haarself 'n duidelike beeld van Jesus aan die kruis voorstel... sy gelaat vol smart. Sensitief soos sy is, het dit haar hierdie keer nie afgeskrik nie. Dit het haar vreemd ontmoet.

### **Vir jou...**

Die gedagte het sterk by haar opgekom: dit was om jou ontwil! Dit was selfs asof sy bewus geword het van 'n vreemde teenwoordigheid in die karnier. Die Naam Jesus het op haar lippe gevorm. Sy het dit stadig uitgespreek: Jesus! Dit saggies herhaal: Jesus... Jesus, Jesus. Toe heel saggies en langsaam: Jesus, my Saligmaker, Jesus, my Verlosser. In haar gemoed was daar 'n kalmte soos sy in al die maande van verdriet nie geken het nie.

Buite het die nagwind in die boomtoppe geroer. Sy het aan die slaap geraak... die eerste nag in ses maande dat sy sonder 'n slaappil weggeraak het.

Die dag daarna was gevul met 'n vreemde ontmoeting... teer en diep en stil. Die hartseer was nog daar, maar dit was anders... so asof sy 'n vreugdelied in haar hart hoor sing en sing.

### **En nou?**

Die meisie het stil gebly. Dit was haar hele verhaal. Ek het ook stil gebly. Die stilte het iets eerbiedigs bevat — iets wat nie in woorde uitgedruk kon word nie.

Eindelik het ek versigtig gevra: "En nou, wat het dit vir jou beteken? Ek bedoel: wat het jy hieruit geleer?"

Haar antwoord was sonder aarseling: "Dat niks... niks ons van die liefde van Christus kan skei nie."

# OORWINNINGSLIED

Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak.

Wie is dit wat veroordeel? Christus wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.

Wie sal ons skei van die liefde van Christus verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?

Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge

of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

*(Romeine 8:31-39).*

# MY PLEK WAS REEDS BESPREEK

Die Sondag het almal die ramp bespreek... 'n groot Boeing het neergestort. Radio en pers berig oor en oor: soveel mense aan boord; soveel oorlewendes; gesiene mense op belangrike sendings het omgekom. In 'n oogwenk het hulle lewens ten einde gekom.

Die tragiese ongeluk het my op 'n besondere wyse geraak. Nee, ek het nie familie en kennisse aan boord gehad nie... **ek was self byna daarin**, of liever, my plek was vir die besondere vlug bespreek, maar weens verandering van my planne moes ek op 'n later stadium die bespreking kanselleer.

Ek was in die stad toe ek die nuus van die ramp hoor. Deur die motorruit het ek die swart-vet opskrif in 'n koerant gesien wat 'n man by 'n bushalte staan en lees het. 'n Koerantverkopertjie het met 'n skril roep die karige gewens aanmekaar sit: 'n Boeing het geval!

'n Mens se mond word skielik baie droog en jy voel 'n fladdering op jou maag.

Ek kon (sommige sê **moes**) een van die passasiers gewees het wat daardie aand deur die klein venstertjie die swart nag sit en tuur het om skielik te voel hoe die swaar lugreus stampend en swaaiend daal. 'n Desperate poging van die loods, die geskreeu van die passasiers wat gevaar besef, die klein skrefie moontlikheid op redding wat in 'n sekonde uitgewis word.

Onaangename gedagtes, maar ek het elke keer weer daaraan begin torring. Hoe ek ook al voor mense ewe nonchalant van my noue ontkoming vertel het, die gebeure het in my gees ingebrand. Hoe moet ek dit verstaan? Hoe moet ek dit verstaan dat ek nog lewe? Die mense met wie ek oor die saak gepraat het, het nogal uiteenlopende menings gehad.

Die met dramatiese aanslag, het gepraat van die geleende tyd waarop ek lewe. Die noodlot het my die gelukkige kaartjie van die maand laat trek. Daar was die bygelowiges wat gesinspeel het op moontlike groter onheile wat voorlê. Die soort dinge kom altyd drie-drie...

Daar was die nugteres wat daarop gewys het dat sulke dinge daaglik op groot skaal gebeur en dat my geval maar een van honderde is. 'n Mens moet jou nie die gebeurtenis so aantrek nie. Daar sit niks in nie; dit moes maar so gebeur het.

## **Wat het God met my in gedagte?**

Onder al die gepraat van die mense was ek net van een ding bewus: ek leef! Ander mag sê dit is die noodlot of die toeval of somer niks nie, maar ek sê: Dit is God! My leeftyd was volgens sy wil nog nie om nie, maar dit was dan ek wat besluit het dat ek nie meer die vlug sal neem nie?

Bowendien, as ek daarvoor nadink, daar is 'n paar klein dingetjies wat laat besluit het om liever nie die aand te vlieg nie. Ek kan nou aan niks dink wat my letterlik weerhou het nie. Dit was maar dat een van die kinders siekerig was en my vrou moontlik 'n moeilike tyd sou moes deurmaak, of ek kon enige ander dag ook gaan...

Sou God in die omstandighede wat in my huis geheers het en in my berekeninge ook 'n sê gehad het? Werk God dan nie net met die groot opskrifte, die hoofsaake, nie?

## **Waarom ek?**

Op die vliegtuig was belangrike en begaafde mense wat op hulle onderskeie poste hulle sout terdeë werd was. Die koerante het baie daarvan gepraat. Hoekom het my planne nie deurgegaan nie?

Is ek miskien bestem vir 'n groot werk... vir iets wat die mense sal laat opkyk en die ore sal

laat tuit? Ek sal verskoon word as ek so diep oor die gebeure nadink, want die vliegtuig se wrak lê swart verkool, inmekaar gefrommel en my naam het op die passasierslys gestaan!

### **Ek bely**

Ek is 'n Christen. Ek glo dat God die minute aftel vir elke mens. Ek glo dat die Vader van onse Here Jesus Christus my naam van die passasierslys geskrap het; al was dit 'n reeks persoonlike oorweginge en minder belangrike oorsake op die voorgrond.

Ek glo dat my leeftyd nog nie om was nie. Dit beteken nie dat ek 'n belangriker mens is as die wat omgekom het nie, of dat ek klinkender werk as hulle moet doen nie. Dit beteken slegs dat God in sy **wysheid** my naam van die bord afgehaal het, omdat Hy my verder wou laat lewe, omdat dit wat hy deur my wou laat doen, belangrik is in sy plan met alles.

Ek bely ook met skaamte dat ek tevore nie altyd op God se regering gelet het nie. Die boeing moes op die aarde neerstort om my tot **aanbidding** te bring.

### **Ek het geleer**

God het my geleer hoe belangrik die lewe is en hoe kosbaar tyd is.

Een van my kennisse het die vraag gestel of ek nie nou die lewe met gulsige teue drink nie, want ek was dit byna kwyt. "Dit is iets om te vier", het hy grappend bygevoeg!

Nee, God het my weer geleer hoe waardevol en betekenisvol alles is: my uitstap uit die huis soggens na die kantoor, my volgepakte lessenaar, my spelery met die kinders op die mat in die sitkamer... Ek doen alles nou met groter **dankbaarheid** en ek vervul my roeping met groeter **intensiteit**.

Die woorde van Paulus kom in die gedagte op: "Vir my is die lewe Christus... en as ek in die vlees moet lewe, beteken dit vir my vrugbare arbeid."

A.

## ***SOEK U TROOS?***

**Hoor hoe sê die skrywer van die Heidelbergse Kategismus wat sy enigste troos in lewe en sterwe is:**

**DAT** ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het, en my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my hoof kan val nie, ja ook, dat alles tot my saligheid moet dien; daarom verseker hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe.



# O, DIE HUIGELAARS

'n Verwyd wat nogal dikwels gehoor word, is dat daar te veel huigelaars in die kerk is. Mense beroem hulle dan daarop dat hulle **eerlik** is. Hulle maak nie asof hulle geen sondes het nie, maar in die kerk sit mense wat hulle sondes toesmeer. Ja, hulle sit selfs in die kerkraadsbanke.

## 'n Grofheid

Nou moet ek darem daarop wys dat 'n mens eintlik skaam oor jou sondes behoort te wees. Om met al jou ongeregthede te koop te loop — om sommer so reguit oor jou sondes te praat, openbaar 'n grofheid wat nie goed is nie, 'n gebrek aan insig ook t.o.v. die erns van die sonde.

Verder, laat ons maar oppas om nie één bepaalde sonde as die **groot** sonde te gaan brandmerk, as ons nie die gesag van die Bybel daarvoor het nie. Paulus teken vir ons êrens die verskriklike verdorwenheid van die laaste dae met hierdie woorde dat die mense "liefhebbers van hulleself sal wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars." (2 Tim. 3). Vir hom is die groot saak dat die mens 'n liefhebber van homself is, 'n egoïs wat net vir homself lewe, wat altyd reg en altyd **beter as ander mense is**. Die saak wat ook hier moet geld, is nie die feit dat ek sonde doen en vir die mense kan wegsteek nie, maar dat ek, wegsteek of nie, **'n sondaar is** en dat ek genade nodig het — die genade wat God vir sy kerk en deur sy Woord wil skenk.

## U plig

Laat dit so wees dat daar huigelaars in die kerk is. Daardie sonde sluimer in elke mens se hart — ook in u hart. Ons is immers almal kinders van een moeder, maar broers en susters het mos 'n plig teenoor mekaar. U is nou bekend met daardie mense, die huigelaars, se sondes. U weet wat hulle alles doen. Die kerkraad weet nie. Kom, sê nou wat dit is en wie hulle is. Laat ons mekaar voor die aangesig van die Here vermaan, bestraf en vergewe — soos Christus ons vergewe. Dan heers die liefde wat die band van die volmaaktheid by ons is. (Kol. 3:14). Dan kom daar versoening en ware eenheid en dit is tog baie mooier as om eenkant te staan en met klippe te gooi! Dan handel ons ook in die gees van Christus.

As u dit nie wil doen nie, dan spyt dit my dat ek vir u, deur die mond van Paulus, moet sê dat ook u maar net 'n liefhebber van uself is, wat niks anders as u eie wil en u eie geregtigheid soek nie.

## A. Duvenage

# Van alle bande vry...!?

'n Mens hoor in ons tyd dat mense van verskillende kante af besware inbring teen die kerk. Die een persoon sal hierdie beswaar en die ander daardie beswaar hê. Dit hang af van ontwikkeling, van waar 'n persoon woon en werk, of hy selfstandig, vir homself dink en of hy maar 'n naprater van ander is.

Ek wil maar so een en ander noem en daarop antwoord; nie uit die hoogte nie, want dit vervreem ons van mekaar, maar ek hoop, in die Gees van Christus, wat soek en roep.

## Die Vryheidsgedagte

Dis 'n algemene klag en seker ook die moeder van baie ander klagtes, dat die kerk inbreuk maak op die mens se vryheid, op sy reg om sy lewe te beplan en te lewe soos hy verkies. Na baie eeue van stryd en ellende, het die mensdom eindelijk sover gekom het dat hy die mens vandag nie langer as 'n kuddedier beskou wat desnoods met geweld aangedryf moet word om sy plig te doen nie, maar as 'n wese met verstand en eie insigte en met 'n wil om dit uit te voer. Hy is 'n persoonlikheid wat bekwaam is om iets te doen en wat bereid is om die verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar.

Dit klink gewigtig en onweerspreekbaar. Tog word daar 'n kernfout begaan wat die hele redenering kragteloos maak. Ek kom later daarop terug.

## Voorbeeld

Dié mense redeneer gewoonlik dat hulle dit as hulle **reg** beskou om hulle kinders so op te voed dat hulle eendag kan **inpas** in die patroon wat die samelewing dan sal aanneem. Hulle moet kan saamtrek in die span. Die mense sê dat hulle tog nie hul kinders só wil opvoed dat hulle nie inpas en dan die onderwerp vir die spot van ander mense sal wees nie.

## Uitskuif

Nou is die kerk juis besig om hulle te dwing om hul kinders só op te voed dat hulle uitgeskuif sal word uit die kring van hul maats. Sondae moet die kinders byvoorbeeld by die katkisasie wees om te leer **wat die kerk sê** en kan hulle nie doen **wat hulle verkies** nie, byvoorbeeld hulle word geleer dat hulle nie sommer na enige bioskoopvertoning mag gaan nie, terwyl hul maats dit doen. Die gevolg is dat die kinders die volgende dag met hul mond vol tande staan, terwyl hul maats lustig gesels oor wat hulle die vorige aand geniet het.

Ek hoop dat ek die mense nie verkeerd aangehaal het nie, want ons wil tog eerlik en opreg met mekaar praat met die bedoeling om vir mekaar tot 'n hand en 'n voet te wees.

## Kernfout

Maar dan moet ek ook dadelik daarop wys wat volgens my 'n kernfout in die mense se redenasie is. Dit is dat hulle oor die mens se lewe redeneer, asof dit iets is waarvoor hy vrylik kan beskik. Daar is byvoorbeeld sprake van die mens se **reg** om sy lewe te beplan soos hy verkies om dit te doen, maar 'n mens het mos nie jou lewe uit jouself nie. **God** het dit aan jou gegee en nou kan ons nie gaan sê wat ons met ons lewe wil maak of wat ons as hoofsaak beskou nie. Ons moet **luister** na wat ons met die lewe moet en mag doen.

## Nog 'n dwaling

Uit hierdie kernfout spruit die tweede dwaling voort. Dis die kwessie van vryheid en of vryheid beteken dat die mens self bepaal wat hy mag doen en of hy hom skik na reëls of wette. Vryheid beteken nie dat ek byvoorbeeld op straat kan verskyn soos ek verkies, desnoods sonder klere nie, maar dat ek my hou aan die reëls van eerbaarheid ens. Vryheid

sluit dus 'n mate van dwang en onderwerping in. Die trein is vry solank dit op die spore bly. As hy dit nie doen nie, ontspoor hy met noodlottige gevolge.

### **Nommer drie**

Dan is daar die ideaal van in die span trek. Ek stem toe dat eendrag en harmonie mooi is. Paulus, die apostel, begeer ook om van die gemeentes te hoor dat hulle een van siel is en saam stry vir die geloof en die evangelie (Filippense 1:27). Om leiers te kweek, is net so mooi — vir my eintlik nog mooier. 'n Man wat mooi kan messel, is mos 'n "mooier" mens as een wat 'n muur omgooi. Hande wat hard is van werk is tog "mooier" hande as die sagte handjies van die luiaard.

Ons volk het sulke mense nodig, mense wat bereid is om ter wille van hul beginsels, ter wille ook van die Koninkryk van God, gestamp en gedruk te word. U moet tog nie te jammer wees vir die kinders wat ter wille van hul beginsels gespot word nie. Dit is 'n eer om vir onse God en vir onse Here Jesus Christus te ly — selfs swaar te ly. Dit maak ons sterk. Dit leer ons om rotsvas te staan.

Dink maar aan die martelare. Lees gerus Handeling 5 vers 40 en 41. Was hierdie mense te bejammer? Nee, geensins — die hoogste vryheid is om God te dien — vry en bly te dien — selfs in die aangesig van die dood.

### **A. Duvenage**